
# 3 Aan U die lof en dank




Vergewe my in Jesus Naam, die sonde wat my diep beskaam;
gereinig deur u kosbaar bloed, kalmeer u vrede my gemoed.

My wandel daagliks moet so wees, dat ek nog dood nog slaap sal vrees,
dan sterwe ek in U, my Heer, en wek U my onsterflik weer.

Dis in die wete dat U waak, dat ek gerus aan slaap kan raak,
slaap wat vernuwe en versterk sodat ek vir my God kan werk.

Wil vir die slapelose uur my hemelse gedagtes stuur;
bewaar van elke duister mag en bose droom my siel vannag.

Prys God wat enkel goedheid is, prys Hom omhoog sy heiliges,
prys Hom sy vromes wat Hom vrees, prys Vader, Seun en Heil’ge Gees.

Thomas Ken (1637-1711) T. Tallis (c.1550-85)